Om te kan beskryf wat energieverlies beteken*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1

2 NATUURWETENSKAPPE

3 Energie-oordrag en Stelsel

4 Besparing van energie

5 OPVOEDERS AFDELING

6 Memorandum

6.1

1. Hitte/warmte.
2. Baie na min.
3. Hitte vanweë wrywing: al die energie word dus nie vir die dryf van die wiele gebruik nie
4. Hitte: of vanweë wrywing by die band op teer en dus die persoon wat trap. Weer eens word al die energie nie doeltreffend aangewend nie.
5. Warmwatersilinder, warm bad, swembad, huis na buite, ens.
6. Enjin wat olie brand (al die brandstof ontbrand nie), slinger wat gebuig is en nie maklik draai nie, swak kontakpunte in elektriese apparaat soos motors, stomp gereedskap (boorpunte, saaglemme, ens.).
7. Ligte wat onnodig brand, warmwatersilinder wat nie afgeskakel word nie, onnodige gebruik van apparaat, bv. verwarmers as die huis nie goed gensuleer is nie, warm water in bad en dan wag dat dit afkoel as dit te warm is, elke keer warm water oopdraai as iets in die kombuis afgespoel word, ens.

7 LEERDER AFDELING

8 Inhoud

9 AKTIWITEIT: Om te kan beskryf wat energieverlies beteken [LU 2.3, LU 3.2]

- Bestudeer die volgende sketse en beantwoord die vrae wat daarop volg:

*Version 1.1: Mar 20, 2009 5:33 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/



Figure 1

1. In watter vorm gaan die energie uit die huis en uit die koppie tee verlore?

_____

_____

2. Die energie beweeg dus van waar daar s _____ is na waar daar _____ is (vul in min of baie)

3. Dink aan 'n ander voorbeeld: 'n persoon bestuur 'n kar waarvan een van die remme vasgeslaan het. Energie gaan verlore. In watter vorm? Beskryf:

_____
_____
_____
_____

4. Nog 'n voorbeeld: jy ry op jou fiets, maar een van die bande is pap. Energie gaan verlore. In watter vorm? Beskryf:

_____
_____
_____
_____

In albei hierdie gevalle (3 en 4) gaan energie verlore omdat die stelsel nie reg funksioneer nie.

Onnodige energieverlies kan ook plaasvind as stelsels wat goed funksioneer, nie korrek gebruik word nie, byvoorbeeld as jy 'n yskasdeur dikwels oopmaak of die deur vir lang tye laat oop staan, of wanneer jy 'n bietjie melk in 'n klein kastrol op 'n groot stoofplaat opwarm.

5. Noem nou nog vier voorbeelde waar energie verlore gaan omdat dit versprei van waar daar baie is na waar daar min is.

_____
_____
_____
_____
_____
_____

6. Noem ook vier voorbeelde van energieverlies vanweë 'n sisteem wat nie reg funksioneer nie:

_____
_____
_____
_____
_____
_____

7. Noem ook vier voorbeelde waar energieverlies plaasvind omdat toerusting foutiewelik gebruik word:

_____
_____
_____
_____
_____
_____

10 Assessering

Leeruitkomste 2:Die leerder ken, interpreteer en pas wetenskaplike, tegnologiese en omgewingskennis toe.

Assesseringstandaard 2.3: Dit is duidelik wanneer die leerder inligting interpreteer.

Leeruitkomste 3:Die leerder is in staat om begrip van die onderlinge verband tussen wetenskap en tegnologie, die samelewing en die omgewing te toon.

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder die impak van wetenskap en tegnologie verstaan.